Nuusbrief 215

Februarie 2018

South African Wood Preservers Association

Geagte Lede,

OMGEWINGSAKE

Na aanleiding van die kennisgewing in die vorige nuusbrief van die Departement van Omgewingsake (groenskerpioene) se planne om besoeke aan aanlegte in Gauteng op te skerp, kan ons nou ook bevestig dat dit die Nasionale Departement se handhawingsafdeling se voornemens is om besoeke na alle aanlegte in Suid-Afrika op te skerp. Dit is aan SAWPA bevestig deur 'n amptenaar by die spesifieke departement. Insake die aangeleentheid of KCA-aanlegte aan die Lug Emissie Lisensie Regulasies moet voldoen of nie, het die amptenaar ons ingelig dat hulle nog wag op uitsluitsel van 'n lugkwaliteit kundige by die departement.

NRVS HEFFINGS BETAALBAAR VIR PERIODE 17B (1 Julie tot 31 Desember 2017)

Die 31ste Desember 2017 was die einde van die tweede NRVS-heffingsperiode vir 2017. Alle aanlegte is veronderstel om teen 31 Januarie die tipe 5-verklaringsvorm 17B vir die periode 1 Julie tot 31 Desember 2017 in te dien en die heffings daarop te betaal. Die NRVS behoort teen die tyd al die 17B vorms aan aanlegte te gestuur het. Indien u nie die vorms ontvang het nie, kan u 'n generiese weergawe by http://www.sawpa.co.za/nrcs aflaai. Onthou egter om u aanlegbesonderhede, sowel as die spesifieke JDE of HEF kliëntenommer deur die NRVS aan u toegewillig, daarop aan te bring.

WYSIGINGS AAN NRVS HEFFINGS VIR 2018

Die jaarlikse wysigings aan die NRVS fooie is op 15 Desember gepubliseer in GoN 1413. Dit beteken dat die vorige heffings soos gepubliseer in September 2016 geldig is op produksie tot en met 31 Desember 2017, waarna die nuwe heffings vanaf 1 Januarie 2018 in werking tree.

Commodity description	Unit	Previous tariff R	Previous tariff Type 5 certified plants R	New tariff R	New tariff Type 5 certified plants R
		1 Oct 2016 to 31 Dec 2017		1 January 2018 to next annual published increase	
Preservative treated timber (VC 9092)	1 m^3	1.25	1.12	1.33	**1.20**
Application fee for the approval of a manufacturing facility (LOA) for the preservative treatment of timber – Non-refundable	Per facility	1 275		1 352	
Application for a sales permit – Non-refundable[1)]	Per application	2 800		2 970	
1) Typically, sales permits will be required for processing plants that are situated outside South Africa and that supply treated timber to entities in South Africa through a registered associated or partnering business in South Africa.					
NOTE: The higher tariff published additional to the type 5 certified Tariff is assumed to be applicable to new plants who have applied for an LOA and certification, or plants certified by an approved body not accredited as a Type 5 product certification body with SANAS.					

KENNIS VAN STREEKVERGADERINGS

Lede word in kennis gestel van die eerste rondte SAWPA-streekvergaderings vir 2018 op die datums wat hieronder aangedui word. Finale bevestiging van die datums sowel as die vergaderplek sal nader aan die tyd gegee word. Aangesien die vergaderings geleentheid bied om bedryfsaangeleenthede en probleme te bespreek, is u welkom om voorstelle aan SAWPA te maak vir besprekingspunte by die vergaderings. Spesifiseer asseblief of dit net vir u spesifieke streekvergadering of vir alle streekvergaderings op die agenda geplaas moet word. Indien voorbereiding deur SAWPA benodig word moet soveel moontlike inligting ook deurgegee word.

Streekvergaderingskedule

Mpumalanga	Dinsdag 6 Maart 2018
KZN	Vrydag 9 Maart 2018
Gauteng	Vrydag 16 Maart 2018
Suid/Oos Kaap	Dinsdag 20 Maart 2018
Wes Kaap	Vrydag 23 Maart 2018
Limpopo	Maandag 26 Maart 2018

Die vergaderings begin om 10:00. Verversings sal voor elke vergadering bedien word, en middagetes na die afloop daarvan. Laat weet asseblief vir Sue by 011 974 1061 of sawpa@global.co.za indien u die vergadering en middagete gaan bywoon.

SEKTORBEPALING VIR BOSBOUWERKERS – NUWE MINIMUMLONE EFFEKTIEF VANAF 1 MAART 2018

Na heelwat onsekerheid of nuwe sektor minimumlone vir die landbou- en bosbouwerkers aangekondig sou word a.g.v. die inwerkingstelling van Nasionale Minimumlone beplan vir 1 Mei 2018, is die volgende kennisgewing op 23 Januarie 2018 op die Departement Arbeid se webtuiste geplaas.

Nuwe minimumlone vir Landbou- en Bosbouwerkers in Maart 2018

Die nuwe minimumlone vir werknemers in die landbou en bosbou sektore sal met 5.6% verhoog. Die minimumlone sal soos volg toeneem:

Maandeliks: R3 169.19 (2017/18: R3 001.13)
Weekliks: R731.41 (2017/18: R692.62)
Daagliks: R146.28 (2017/18: R138.52)
Uurliks: R16.25 (2017/18: R15.39)

Die nuwe minimumlone sal in werking tree op 1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019.

Uitgereik deur: Teboho Thejane, Departementele segsman, **082 697 0694**

IRG49 SANDTON – 29 APRIL TOT 3 MEI 2018

Lede wat belangstel in die verwikkelinge wat plaasvind t.o.v. houtbeskerming op die internasionale arena word weereens herinner aan die "International Research Group on Wood Protection" se jaarlikse konferensie, IRG 49, wat vanaf 29 April tot 3 Mei in Sandton, Suid-Afrika plaasvind en deur SAWPA aangebied word. Verlaagde registrasiefooie is van toepassing vir alle Afrika-gebaseerde konferensiegangers, wat strek vanaf SEK 600 (± R 900) vir studente en SEK 2 500 (R 3800) vir ander konferensiegangers. Gaan na www.irg49.co.za vir meer inligting rakende die konferensie.

SKADUNETPALE VIR LANDBOUDOELEINDES

Weens vereistes wat op die uitvoer vrugte en neut markte ingestel is het die vraag na skadunetpale toegeneem. Daar moet gelet word dat skadunet pale vir landboudoeleindes in eindgebruik met verhoogde risiko gebruik word weens die toediening van besproeiing en bemesting. Die praktyke verhoog die swamaktiwiteit in die grond, wat in die geval van hardehoutpale, wat meer vatbaar is vir sagteverrottingswamme, 'n hoër verduursamingsretensie as H4 vereis. A.g.v. premature faling in hardehoutwingerdpale so paar jaar gelede het die SABS komitee ten tyde 'n interim oplossing bekendgestel, i.e. 'n H4-V klassifikasie spesifiek bedoel vir wingerdpale.

Dit wil voorkom H4-V nou 'n onbedoelde oplossing geword het vir die verskaffing van skadunetpale, en gedurende 'n subkomiteevergadering gehou die afgelope Dinsdag is die gebruik daarvan instede van H5 bespreek. Bedryfverteenwoordigers het geredeneer dat die hoofprobleem met die behandeling teen H5, die onpraktiese en bykans onmoontlike voldoening aan die 20 mm registrasievereiste is wanneer groot bestellings geplaas word, soos in die geval van skadunetpale.

Oor die afgelope jaar of so is SAWPA deur boere genader sowel as landboukundiges wat hulle beywer vir die skryf van artikels vir die "South African Fruit Journal", en ons het hulle geadviseer dat skadunetpale vir landboudoeleindes ten minste totH5 behandel moet word, en dat H4-V spesifiek vir wingerdpaaldoeleindes geïmplementeer was, wat hoofsaaklik bestaan uit klien diameter hoë spinthoutbevattende materiaal. Na beraadslaging by die onlangse subkomitee vergadering oor hoe om die saak ten beste aan te spreek, is daar ooreengekom om binne die raamwerk van die oorspronklike aanvaarde internasionale H klas sisteem te bly. As sulks sal daar 'n versoek ingedien word om die voorgestelde standaarde wat tans in konsepstadium is te verander. Die wysiging sal behels die verwydering van die H4-V klassifikasie in totaliteit, en vir H5 sal dit 'n gewysigde penetrasievereiste van volledige spinthout met 'n minimum van 15 mm vir hardehoutpale behels, wat dan vir beide wingerdpale sowel as skadunetpale sal geld.

Aangesien dit 'n redelike tydjie kan neem voordat die hersiening voltooi en gepubliseer sal wees, beveel ons aan dat die H4-V klassifikasie gebruik word waar die huidige H5 penetrasie van 20 mm, weens onvoldoende spinthoutkarakteristieke in die beskikbare bronne, nie haalbaar is nie. In gevalle waar die 20 mm penetrasie wel haalbaar is, beveel ons aan dat pale volgens H5 behandel en gemerk word.

NUUSBROKKIES

- Die aantal besoeke aan die SAWPA webtuiste vir Desember 2018 was 38451.
- Lede word weer daaraan herinner om van die produkveiligheid-etikette gebruik te maak wat gratis aan SAWPA lede beskikbaar gestel word.
- SAWPA neem vanaf 22 tot 25 Februarie 2018 deel aan die Johannesburgse Homemakers Expo wat by die Ticketpro Dome in Northriding gehou word.

Groete

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.

Should have used treated timber treated to the correct H class!

Ganvie Benin, photo courtesy www.open-explorers.com